

RESENSIES—REVIEWS

H. J. de Vleeschauwer: *Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste*. Band I: *Die Wysbegeerte van die Klassieke Oudheid* (Nasou Beperk, Kaapstad, geen datum), viii + 229 pp. R2.60.

Summary: The present work is the first volume in a proposed series in Afrikaans on the history of Western philosophy. By way of introduction the author considers in detail the question how the Greeks became the philosophical nation *par excellence*, and proposes a new periodisation of Greek philosophy. He also treats briefly of the sources for a history of Greek philosophy, and of the methods of writing such a history. In his own combination of methods the accent rightly falls on the socio-historical—or rather socio-political—method, but he frequently assumes too much basic knowledge of historical facts and their significance on the part of the undergraduate and the interested layman.

Inhoudsopgawe. Inleiding: A. Hoe het die Grieke die filosofiese volk by uitstek geword? (p. 3). B. Die periodisering van die Griekse filosofie (p. 14). C. Die bronne vir die geskiedenis van die Griekse filosofie (p. 16). D. Metodes van geskiedskrywing (p. 18).

Afdeling I: *Die koloniale Tydvak*. 1. Die voorbereiding van die Griekse Wysbegeerte (p. 23). 2. Die hilosoiese naturalisme van Milete (p. 28). 3. Die politieke teologisme in die gebied Samos-Efese (p. 34). 4. Die ontologiese spekulاسie in die Italiese wêreld (p. 54).

Afdeling II: *Die Attiese Tydvak*. 1. Anaxagoras van Klazomenai (p. 75). 2. Die Sofistiek (p. 85). 3. Sokrates en die Sokratiese probleem (p. 101). 4. Plato van Athene (p. 120). 5. Aristoteles van Stageira (p. 150).

Afdeling III: *Die Hellenistiese Tydvak*. 1. Die skoolbeeld van Athene (p. 181). 2. Die moralismes: Stoa en Epikurisme (p. 188). 3. Platonisme en Neoplatonisme (p. 204).

* * *

Die verskyning van die eerste band van 'n geskiedenis van die Westerse wysbegeerte is 'n noemenswaardige gebeure, en wel omdat dit van die hand van professor H. J. de Vleeschauwer is en tegelyk die eerste omvattende werk oor die onderwerp in Afrikaans is.

Dat die verskyning van die werk verwelkom sal word deur sowel studente as dosente veral aan ons Afrikaansmedium Universiteite, daaroor val nie te twyfel nie. Wanneer die skrywer egter in sy Voorwoord meedeel dat die werk bedoel is 'as 'n klein hulpboekie by die studie van die antieke wysbegeerte', wonder die resensent of ons nie hier 'n voorbeeld van Sokratiese ironie of geringskating het nie.

Die werk is beslis geen klein boekie nie. Dit beslaan 229 paginas en is geset in 'n enigszins klein maar goed leesbare lettertype wat die omvang van die werk vergroot. Na 'n hoogs prikkelende en deeglik funderende Inleiding gee die skrywer in Afdeling I 'n breë en meesal heldere oorsig oor die Griekse

wysbegeerte vanaf Thales tot by die Atomiste, en in Afdeling II vanaf Anaxagoras tot by Aristoteles; om dan in Afdeling III met 'n bondige skets van byna agt eeue se filosofiese aktiwiteit af te sluit.

Die voorgraadse student vir wie die boek bedoel is (so ook die belangstellende leserspubliek) sal die werk 'n ryke bron van inligting vind, soms wel so ryk dat hy elders hulpmiddele sal moet gaan soek om hom die aangebode materiaal te help verteer. Onder dié omstandighede mag dit inhelig lyk om nog meer van die skrywer te verwag as wat hy reeds aanbied. Tog dien daarop gewys te word dat die beginner nie veel wys sal word oor die leringe van Pythagoras en sy Skool nie (pp. 37–41), en dat hy teleurgesteld mag wees om so weinig oor die hoogs interessante paradokse van Zeno van Elea (p. 61) te vind.¹ Die student in die letterkunde of die skone kunste sal weer met spyt vasstel dat in die gedeelte oor die Estetika van Plato (141–3) die *mimesis*-leer van (hoofsaaklik) *Politeia* III en X gladnie behandel word nie,² en dat die skrywer die hele Estetika van Aristoteles moes weglaat (177).

Wat die weergawe van die leer of leringe van die verskillende filosowe of filosofiese skole betref, moet ons verwag dat die skrywer van 'n werk van hierdie aard en omvang meer dogmaties te werk sal gaan as wat hy self mag verkies. 'n Opvallende voorbeeld waarin die skrywer te ver gaan, vind ons egter reeds by die behandeling van die sg. eerste filosoof, Thales, waar een vertolking van sy leer t.o.v. water (as die *arche* of eerste prinsipe van alle dinge) verwerp word ten gunste van 'n ander waarvoor geen bewysgronde aangevoer word nie.³ Kom ons aan die einde van die Klassieke Tydperk, vind ons weer dat die skrywer se opvatting van die fases in die ontwikkeling van Aristoteles se leer (o.a. van die Platoniese transendente Vorms tot die Aristoteliese immanente Vorms) vir 'n aantal Aristoteles-geleerdes van die jongste tyd nie aanvaarbaar sal wees nie.⁴

1. Dat dit heel goed kort opgesom kan word, word getoon deur die kort artikel oor Zeno van Elea in *OCD* 964–5.

2. Die beste resente behandeling daarvan vir die beginner is dié van R. C. Cross en A. D. Woozley, *Plato's Republic, A Philological Commentary* (London 1964), hoofstuk 12.

3. De Vleeschauwer p. 29: „Daar word steeds beweer dat volgens Thales alle lewe uit die water voortkom, en dit is inderdaad só, mits ons hier nie dink aan 'n kwalitatiewe mutasie van water in ander dinge nie, maar wel aan die fenomeen van 'n oorspronklike, algehele oorspoeling deur die see waaruit die aarde te voorskyn tree deur 'n proses van uitdroging“, ens. Kyk egter W. K. C. Guthrie, *A History of Greek Philosophy*, Vol. I (Cambridge 1962), pp. 54–58 met verwysing na Arist., *Metaph.* I, 983b 6 vv.

4. In navolging van Werner Jaeger se *Aristoteles. Grundlegung einer Geschichte seiner Entwicklung* (Berlin 1923), onderskei De Vleeschauwer 153 tussen 'n platoniserende Aristoteles van 367 tot 348 (verbonde aan die Skool van Plato), 'n tussenperiode van 348 tot 335 deurgebring te Assos, Mytilene en Pella, en 'n Peripatetiese Aristoteles van 338 tot 322 (die Lyceumtyd). Daarteenoor is die hoofgedagte van Franz Dirlmeier se bydrae *Zum gegenwärtigen Stand der Aristoteles-Forschung* (in *Wiener Studien* 76, 1963, 52–67) dat Aristoteles „Platoniker gewesen (ist) am Anfang und am Ende und er ist Empiriker

Dit sal paslik wees om die filosofiese spesialis-probleme verder aan die spesialis op daardie gebied oor te laat, en die werk vervolgens uit die oogpunt van die klassieke en veral die antieke geskiedenis te benader. So 'n benadering is hier besonder ter sake, omdat die outeur, soos dit op die stofomslag tereg gestel word, 'wysbegeerte, geskiedenis en klassieke filologie vanaf sy studietyd verenig het'. Dáár word die leser verder ingelig oor die metode wat die outeur sal volg: 'Die oorspronklikheid waardeur die skets van die Griekse wysbegeerte wat in onderhawige boek aan die lig kom, hom onderskei van sy ontelbare groot en klein voorgangers, is juis geleë in die nou verbinding van die filosofiese persoonlikhede en die filosofiese denke met die wederwaardighede van die openbare lewe van die Griekse stad, wat vir die Griekse mens godsdiens, etiek en politiek beteken het' (vgl. ook die skrywer self in sy Voorwoord).⁵

Die vraag ontstaan nou in hoeverre die outeur se metode—(kyk 18–20), waarin die klem op die kultuurhistoriese benadering val—op 'n prakties suksesvolle wyse (vir die bestemde leser) en ook korrek t.o.v. die gewens uitgevoer is. Die resensent is van mening dat vir die oningewyde leser, by name die eerste- of tweedejaarstudent wat geen kursus in Grieks en Griekse geskiedenis gevolg het nie, daar heel gou 'n probleem sal opduik: in die outeur se kultuur-historiese fundering, bv. oor die *vraag* hoe die Grieke die filosofiese volk by uitnemendheid geword het, sal hy heel dikwels te veel 'n vervlegting van historie met bespiegeling oor die betekenis of gevolge van geskiedkundige gebeure vind sonder dat die blote historiese feite of die betekenis daarvan duidelik aan hom gestel word.⁶

gewesen am Anfang und am Ende' (60). Vgl. daaroor sy betoeg op pp. 60–64, wat deels afhang van die vraag of sekere werke in Aristoteles se vroeë of later jare gedateer moet word. Maar reeds uit die *Protrepikos*, wat ook deur De Vleeschauwer 153 as 'n vroeë werk erken word, blyk dit dat 'an die Stelle des platonischen transzendenten Seienden hat sich . . . der aristotelische Physisbegriff geschoben, ein Seiendes, das induktiv und nicht mehr deduktiv philosophisch zu bearbeiten ist' (Dirlmeier 62).

5. Die voorgestelde metode kan slegs goedkeuring uitlok, maar die vraag ontstaan of die aanspraak nie wel enigins oordrewe is nie, aangesien dieselfde metode doelbewus gevolg word minstens in Bertrand Russell se *History of Western Philosophy* (London 1946)—let op die sub-titel daarvan, 'and its Connection with Political and Social Circumstances' ens., en vgl. ook die *Preface*, p. 5. Die enigste verskil in benadering is dat Russell die klem meer op die 'social circumstances' laat val, terwyl De Vleeschauwer spesiaal die staatkundig-politiese beklemtoon. Dit klop met sy eie aanspraak in sy Voorwoord: 'Gevolglik sal ek . . . steeds die verband tussen die wysbegeerte en staatkunde lê' ens.

6. Bertrand Russell het m.i. op 'n baie suksesvolle wyse die nodige historiese (religieuse ens.) gegewens in *aparte* hoofstukke ingevoeg vir die fundering in sy daaropvolgende hoofstukke: vgl. bv. in *Part I* sy eerste hoofstuk oor 'The Rise of Greek Civilization' en sy sewende hoofstuk oor 'Athens in Relation to Culture'. Vergelykings van hierdie aard mag onbillik wees, maar word gesuggereer deur die besondere aanspraak wat t.o.v. die werk onder resensie gemaak word, en ook daardeur dat die *omvang* van Russell se gedeelte oor die Griekse Wysbegeerte (pp. 21–321, in 'n enigins groter lettertype) goed daarmee vergelykbaar is.

Ek gee slegs twee voorbeelde in dié verband. In sy nuwe 'Periodisering van die Griekse Filosofie' (14–16) lees ons dat 'die slag van Chaironeia en die Korintiese Liga (338 v.C.) kan as keerpunt geld', (16) d.w.s. tussen die twee hoofperiodes wat onderskei word. Maar eers op p. 79 verneem die leser wat eintlik in 338 v.C. gebeur het, en wat die betekenis van die Slag en die Liga was. En op p. 23, in sy bespreking van 'Die Homeries-Hesiodiese Gedagte-wêreld',⁷ lees ons dat met die Homeriese siklus bevind ons ons nog heeltemal 'in die baan van die Miceense beskawing'—sonder dat hierdie beskawing enigsins toegelig word of na literatuur daarvoor verwys word.

As historiese oorsig en fundering is die afdeling oor 'Athene in die Vde eeu' (75–81) in bogenoemde opsigte deels meer geslaagd; andersyds kom daar historiese onjuisthede in voor wat nie onopgemerk kan gaan nie. Ek geen 'n paar voorbeelde by wyse van verbetering: 1. Die wyn- en olyfkultus is nie in Attika deur Peisistratos *ingevoer* nie (76), slegs verder ontwikkel. 2. Die algemene volksvergadering in Athene was nooit die *boulè* (77, vgl. 174) nie, maar die *ekklisia*. 3. Perikles het nie in 461 'aan die bewind' (78) gekom nie—dit was eers ná die ostrasisme van Thucydides, seun van Melesias, in 443 dat Perikles se invloed oppermagtig was, en dat hy elke jaar tot sy dood in 429 tot *strategos* verkies is.

*

*

*

Wat die 'apparaat' van die outeur betref, is dit prysenswaardig dat hy in sy uiteensetting van die denke van die voor-Socratici steeds na die belangrikste fragmente van hul geskrifte verwys. Die vraag ontstaan wel hoeveel lesers sal weet, bv. in die afdeling oor Thales, wát die verwysing 11 A 22 op p. 29 beteken, of, in die afdeling oor Anaximenes, wáarna 13 B 2 verwys? Dit is nie voldoende dat daar vroeër, in die kort maar welkome oorsig oor die bronne van die geskiedenis van die Griekse filosofie (16–17), van Diels se versameling *Die Fragmente der Vorsokratiker*⁸ melding gemaak is nie. Vir die leser wat nog sy weg moet vind, moet dit duidelik gestel word⁹ wat die syfers en ook A en B *met verwysing na Diels se werk* beteken. Vele lesers wat Engels beter magtig is as Duits sal dit seker ook verwelkom indien hulle in 'n volgende uitgawe tegelyk na die B-seksie kan verwys word in Kathleen Freeman se *Ancilla to the Pre-Socratic Philosophers, A complete translation of the Fragments in Diels* ens. (Oxford 1956).

Dit is verder aanbevelenswaardig dat ernstig oorweeg word om in 'n tweede edisie nie alleen 'n kort verklarende lys van moeilike filosofiese terme toe te voeg nie—veral van Griekse terme wat tans dikwels nie verduidelik word nie—maar ook 'n beknopte literatuurlys vir verdere raadpleging deur die student.

7. Dit is nie moontlik om dié afdeling hier te bespreek nie.

8. Die jongste uitgawe hiervan is nie die van 1952 soos die outeur beweer nie, maar wel die ,9. Auflage herausgegeben von W. Krantz (Berlin 1959/1960)'.

9. Soos deur Guthrie in sy veel meer gespesialiseerde werk (aangehaal in n. 3), p. xii.

Die verskyning van hierdie werk in Afrikaans is 'n belangrike gebeure. Maar dan moet ook getuig kan word dat dit deurgaans in 'n goed versorgde taal geskryf is, en hierdie getuienis kan met groot spyt nie gelewer word nie. Bloot afgesien van die feit dat die styl soms tot duisterheid neig (as gevolg van te veel verkorting?—vgl. die Voorwoord), kry ons te dikwels sinne soos die volgende: ‚Anaximander is in biografiese opsig die minste bekende van die Mileters’, (32), of ‚Pythagoras begeef hom in geselskap van 'n aantal lotsverbonde geestesverwantes na Krotona’, (36). In verskeie opsigte blyk dit verder dat die MS nie die ‚ultima manus’ in volle mate ontvang het nie, en wel t.o.v. spelling¹⁰ en die oorskryf van Grieks in Afrikaans.¹¹ Daar is egter redelik weinig seffoute¹² in die boek, wat origens netjies versorg is en aangenaam is om ter hand te neem.

* * *

Die verskyning van *Die Wysbegeerte van die Klassieke Oudheid* word verwelkom nie slegs as voorloper in die betrokke reeks nie, maar in die verwagting dat dit 'n belangrike hulpmiddel in—en prikkel tot—die studie van die Griekse wysbegeerte in Suid-Afrika sal wees. In die verdere oortuiging dat 'n tweede hersiene uitgawe binne afsienbare tyd nodig sal wees, word die begeerte uitgespreek dat die outeur, 'n geleerde van universele formaat, in ons huidige eeu van spesialisering die medewerking van sy kollegas in die klassieke filologie en die antieke geskiedenis sal verkry, om—met die nodige taalkundige versorging—aan sy boek die verdere presisering en afwerking te verleen wat dit ruimskoots verdien.

Universiteit van die O.V.S.

C. A. VAN ROOY

10. Voorbeelde van inkonsekwente spelling is die volgende. Naas *hilosoïese* (28, 68) staan daar *hylosoïese* (33, *bis*). Die Griekse upsilon word nie alleen met i en y weergegee nie, maar ook met u: *ubris* (6), *polimathia* (55), *Mythelene* (151,154 *ter*). Op p. 172 staan daar *logistikon* en *logisticon*, en op p. 183 *tyrannie* en *tirannie*.

11. In *heimarméné* (bv. op p. 139) word die Griekse *spiritus asper* of growwe asemteken tereg met 'n h weergegee; maar elders staan daar *ubris* (6) i.p.v. *hubris* (of *hybris*), en *exis* (170) i.p.v. *hexis*. Foutief is *atanathon* (166) vir *athanaton*, ook *eu zein* (174) vir *eu zèn*, en *Mythelene* (151,154 *ter*) vir *Mytilene*.

12. Ek het die volgende aangeteken: *vesadiging-honger* (49), *magtiging* (71, vir *matiging*), *Hellense* (78,155), 529 v.C. (123, vir n.C.), *ensikiodiese* (152), *prysgee* (208, vir *prysgegee*), *heimarmanè* (209), *Nugidius* (214, vir *Nigidius*). Op p. 194 staan daar 130 v.C. vir 30 v.C., op p. 204 162 v.C. vir 168 v.C., en op p. 215 30 n.C. vir 30 v.C. Die naam van Ammonius Saccas kom voor as *Ammonias Sacca* (221), as *Ammonius Saccus* (222,223), as *Saccus* (223) en as *Ammonias* (223).

Foutief is *godenskemering* (189), *Griekenland* (204), *Paulus* (204,212, vir *Paullus*), *eklektisme* (204*bis*), *inorganies* (209), *Chaironea* (219, vir *Chairemon*), *apokriefe* (219), *Musonios* (219), *auton* (220, vir *heauton*) en *estheties* (225).

ACTA CLASSICA



Acta Classica is published annually by the Classical Association of South Africa. The journal has been in production since 1958. It is listed on both the ISI and the SAPSE list of approved publications.

Published by
The Classical Association of
South Africa

For further information go to:
http://www.casa-kvsa.org.za/acta_classica.htm